# NOTULE VAN WCERA 2024 ALGEMENE JAARLIKSE VERGADERING

te GlenWood Wines, Franschoek, op 25 Januarie 2025 om 17h00

1. **Opening en verwelkoming**

   DP Burger, Voorsitter, heet almal verwelkom
   Altus Hanekom open vergadering met gebed

2. **Verskonings**

   Kristie Burger
   Janco de Villiers
   Henk Basson

3. **Stem Krag**

   Daar is 'n korum teenwoordig

4. **Lief en Leed**

   Oom Howard Stanworth sterk aan in die hospitaal nadat hy sy voet gebreek het.
   Jessica Cunze se Ouma is oorlede.
   Dr. Zolner is aan die dood af gestaan

5. **Sake uit vorige notule**

   Altus Hanekom vra hoekom punt 11 op die vorige notule nie nagevors was nie.
   DP noem dat dit bespreek sal word onder punt 11 van die agenda.

   Koos de Villiers stel voor om te aanvaar
   Nathan Nickisson sekondeer

6. **Finansiële verslae**

Myrtle Oosthuizen lê finasiële verslae voor.
2024 toon minder inkomste as 2023 omdat minder donasies onvang is.
Myrtle lê ook die 2025 begroting voor aan vergadering en wys daarop dat daar een klub minder is as die vorige jare met Swartland klub wat gesluit is.

Aanvaar – Nicolene Leidig
Sekondeer – Schanka Pimblett

7. **Veeartsverslag**

Die strenger maatreels is om perde te beskerm.

Aanvaar - Altus Hanekom
Sekondant - Dirkie Theron

8. **Spanbestuurder verslag**

Die 'n baie goeie en volledige verslag.

Aanvaar – Myrtle Oosthuizen
Sekodant - Louis Botha

9. **Ritmeestersverslag**

Daar is 'n tekort aan Ritmeesters in die Weskaap.
DP vra dat klubs lede nomineer sodat ons meer ritmeesters kan kry.

Aanvaar – Altus Hanekom
Sekondant - Mariska Burger

10. **Presidentsverslag**

Aanvaar – Mariska Burger
Sekodant – Eduard Cunze

11. **Ritkalender 2025** - Dirkie Theron

Vergadering met bestuur verwys:
'n Besluit is geneem om voorgestelde datums voor Fauresmith onveranderd te hou.
Die tweede helfte van die jaar se datums, post-Fauresmith, sal hersien word.
Daar sal gepoog word om nie meer as een rit per maand te hê nie.
2024 se statistieke sal gebruik word om 2025 kalender te finaliseer.

Kostes van Ritte word bespreek.

Daar is geen SAEF kopfooi vir ruiters by rittte nie, slegs ERASA en WCERA.
Die kostes om 'n baan te merk is hoog – Altus Hanekom verduidelik dat min of meer 600km gery word om 'n 120km baan deeglik te merk, dis uitsluitend mense en trekkers ens
Venue hire beloop tussen R8000 - R10 000
Huidiglik dra organiseerders die verliese wat onaanvaarbaar is.
DP gee 'n kort opsomming van basiese rit kostes bv veeartse, beamptes, organiseerders ens wat opsommend duidelik is dat geen rit met minder as 60 perde ekonomies is nie.

Swartland Klub sluit agv:
Te min lede en te min hulp aan rit organiseerders

Daar word ooreengekom dat ritte nie binne 4 weke van mekaar gehou moet word nie, alternatiewelik moet rit inskrywingsfooie aangepas word

Voorstel word gemaak om ritte op Saterdag en Sondag aan te bied – eenparig afgekeur

Dit is duidelik dat lede meer betrokke moet raak met reelings en organisering van WCERA ritte.
2005 was dit al probleem om lede betrokke te kry om by ritte te werk – Nicolene Leidig

Altus Hanekom noem dat rit organiseerders graag ritte wil aanbied, maar kan dit nie elke keer teen 'n verlies doen nie.

Lede getalle neem af. Dit werk nie eens op ERASA vlak om so aan te hou nie.
Ons moet die begrotings laat klop, en oplossings kry om die sport te laat voortleef.

Ons moet meer perde kry om ritte meer bekostigbaar te maak.

Perde kan tussen protection en surveliance zone beweeg sonder AHS entings, solank hulle binne 7 dae terugkeer.
Annemie Daily wil weet wat kan sy doen om te help – sy moet van die klubs kontak en inskakel.

DP noem dat ons die afgelope twee jaar geen politiek in WCERA gehad het nie, ons moet nou vir die eerste keer moeilike besluite begin maak. Dit is nie politiese besluite nie maar besluite om die sport op te bou en vorentoe te laat beweeg.

ERASA sien ook die probleem raak, dis nie maklik om die sport te bestuur onder moeilike ekonomiese omstandighede nie.

Riaan Kuhn noem dat ons net 'n paar permanente venues het en ons moet daai organiseerders en venues beskerm.
Die beamptes werk ten koste van hulsef, hulle kan nie permanent gratis werk nie.
Ons moet volhoubare venues gebruik.

Ons moet  moeite doen om nuwe jong ruiters in te kry en DP doen 'n beroep om alle lede om nuwe ruiters aan die sport bekend te stel.

Koos de Villiers sê ons is bevoorreg om die ritte en geleenthede te hê wat ons het.

Die doel van die WCERA Raad is nie om ritte minder te maak nie, maar om die sport te laat oorleef.

12. **WCERA - AJV Datum 2025** -DP Burger

2025 AJV sal plaasvind tussen Junie en Desember, en nie in Januarie 2026 nie.

13. **WCERA Webwerf** -Antoinette van der Walt

Antoinette verwys na die WCERA webwerf, en vra lede of hulle voel dat WCERA 'n webwerf moet he. Lede is verbaas om te hoor daar is 'n webwerf.
Iemand moet dit op datum bring en op datum hou. Lede word gevra wie is beskikbaar.
Julia se sy het nie tyd om so website ook aan die gang te hou nie.
Mens moet weet waar om die website te gaan soek – Ryno Verster`
Ons moet FB en Insta en Website meer op datum kry.
Nicola Hall is bereid om die website oor te neem.
'n Link sal aan lede gestuur word wanneer die webwerf op datum is.
Jessica Cunze bied aan om WCERA se sosiale media oor te neem.

**14. ALGEMEEN**

Geen punte onder algemeen nie

**15. VERGADERING VERDAAG OM 18:45**